Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# HANDELSREG N5

(13030105)

**10 Junie 2021 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.**

284Q1J2110

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**Let wel:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet deur alle kandidate in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ’n Publieke maatskappy moet minstens ... direkteur(e) hê.

A 1
B 4
C 3
D 2

1.2 ’n Kontrak vir persoonlike aanspreeklikheid …

A is ’n publieke maatskappy.
B word hoofsaaklik deur professionele assosiasies gebruik.
C is ’n maatskappy sonder ’n winsoogmerk.
D word deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gereël.

1.3 Die tipe aandeel wat ’n dividend sal ontvang ná betaling aan gewone aandeelhouers.

A Uitgereikte aandeel
B Uitgestelde aandeel
C Voorkeuraandeel
D Aandeel sonder pariwaarde

1.4 Die verslag wat die finansiële posisie van ’n maatskappy weerspieël:

A Kontantvloeistaat
B Ouditeursverslag
C Balansstaat
D Inkomstestaat

1.5 Die dokument wat die interne regulasies van ’n beslote korporasie reël:

A Akte van inkorporasie
B Samewerkingsooreenkoms
C Stigtingsverklaring
D Akte van oprigting

1.6 Kies die FOUTIEWE opsie. Kenmerke van borgstelling:

A ’n Saaklike reg
B Kan op enige tipe skuld van toepassing wees.
C Moet op skrif gestel word.
D ’n Kontrak tussen die krediteur en die borg

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.7 ’n Bate wat nie deel van die insolvent se gesekwestreerde boedel uitmaak nie:

A Vergoeding vir werk wat ná sekwestrasie gedoen is
B Vergoeding vir werk wat voor sekwestrasie gedoen is
C Vergoeding vir werk wat voor en ná sekwestrasie gedoen is
D Kommissie verdien vir werk wat voor sekwestrasie gedoen is

1.8 Vennote is ... aanspreeklik vir die skulde van die vennootskap.

A pro rata
B in solidum
C slegs persentasiegewys
D gesamentlik

1.9 Hierdie leerstuk bepaal dat waar ’n bona fide-buitestander sake doen met ’n verteenwoordiger van ’n maatskappy, die derde persoon kan aanvaar dat daar aan alle interne vereistes en prosedures voldoen is.

A Ultra vires-leerstuk
B Die leerstuk van toegerekende kennis
C Die Turquand-reël
D Sowel A as B

1.10 Individue wat die stigting van ’n maatskappy inisieer:

A Direkteure
B Aandeelhouers
C Promotors
D Ouditeure

(10 × 2) **[20]**

**VRAAG 2**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 ’n Pand is ’n persoonlike reg.

2.2 ’n Vennootskap is nie ’n regsentiteit nie.

2.3 Direkteure word aangestel om ’n beslote korporasie te bedryf.

2.4 Makelaars word aangestel om ’n kontrak vir ’n verkoper te beding.

2.5 ’n Borg kan aanspreeklik wees vir meer as die hoofskuld.

2.6 Verbande en pande is gewone sekuriteite.

2.7 ’n Pandooreenkoms tussen partye moet op skrif gestel word.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.8 'n Hipoteek word deur regswerking geskep.

2.9 Maatskappye sonder winsoogmerk moet minstens twee direkteure hê.

2.10 Die Kennisgewing van inkorporasie is die stigtingsdokument van 'n maatskappy.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 3**

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Saaklike reg | A | borgstelling |
| 3.2 | Retensiereg | B | 'n reg wat oor die eiendom van iemand anders uitgeoefen word om dit van agteruitgang te red |
| 3.3 | Bergingsretensiereg | | |
| 3.4 | Vernietigbare beskikking | C | kan teen die hele wêreld afgedwing word |
| 3.5 | Inkomstestaat | D | 'n retensiereg |
| 3.6 | Balansstaat | E | weerspieël die finansiële posisie |
| 3.7 | Actio pro socio | F | redelike vergoeding wat deur 'n hof toegestaan word |
| 3.8 | Spesiale volmag | G | aan 'n aktebesorger gegee om eiendom te registreer |
| 3.9 | Persoonlike reg | | |
| 3.10 | Quantum meruit | H | bate word verkoop teen baie minder as waarde om dit van insolvente boedel te vervreem |
| | | I | weerspieël die finansiële resultate |
| | | J | eis van 'n vennoot teen medevennote vir lewering van hul bydrae |

(10 × 1) **[10]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 4

Definieer die volgende konsepte:

4.1 Negotiorum gestor

4.2 Voorreg van skuldsplitsing

4.3 Verbeteringsretensiereg

4.4 Rehabilitasie

4.5 Voorinkorporasiekontrak

(5 × 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 5

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

5.1

| Pule, Constance en Jabu wil 'n onderneming vestig wat bedlinne vervaardig en verkoop. Hul onderneming sal in Durban gesetel wees. Hulle het ooreengekom dat Pule R250 000 sal bydra om die linne te koop, terwyl Jabu die stikwerk sal doen en Constance die verpakking sal behartig. Constance sal ook 'n afleweringsvoertuig bydra. Die partye kom ooreen om gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik te wees. |
|---|

5.1.1 Definieer hierdie vorm van onderneming. (5 × 2) (10)

5.1.2 Gee die VYF regte wat Pule, Constance en Jabu besit. (5)

5.1.3 Gestel Jabu begin met 'n byverdienste en verkoop linne in sy private hoedanigheid regstreeks aan sy vriende. Pule en Constance vind uit hiervan.

Watter plig het Jabu nie nagekom nie?
Bespreek hierdie plig volledig. (4 × 2) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.1.4 Gestel Pule word insolvent verklaar. Wat sal die uitwerking hiervan wees? (2 × 2) (4)

5.2 Deesdae probeer krediteure altyd om die een of ander sekerheid te kry vir geld of enige ander verpligtinge aan hom of haar verskuldig. Een manier waarop dit gedoen kan word, is om 'n pand te bekom. Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot hierdie stelling.

5.2.1 Definieer 'n pand. (4)

5.2.2 Noem die DRIE vereistes vir die bestaan van 'n pand. (3)

5.2.3 Bespreek kortliks die reg van die krediteur in die geval van 'n pand. (3 × 2) (6)

5.2.4 Bespreek VYF maniere waarop 'n pand beëindig kan word. (5 × 2) (10)
**[50]**

**VRAAG 6**

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Die maatskappy Glitter Creations Bpk is pas geregistreer en vervaardig juweliersware vir spesiale geleenthede. Die maatskappy het 1 000 aandele van R100 elk uitgereik en omdat hulle nog meer kapitaal benodig, het hulle ook skuldbriewe uitgereik. |

6.1 Watter soort maatskappy is dit? (1)

6.2 Hoeveel direkteure moet vir hierdie maatskappy aangestel word? (1)

6.3 Wat is die belangrikste dokument van hierdie maatskappy? (1)

6.4 Noem die DRIE soorte aandele wat uitgereik kan word. (3)

6.5 Bespreek kortliks enige VIER kenmerke van skuldbriewe. (4 × 2) (8)

6.6 Watter dokument word uitgereik om moontlike beleggers uit te nooi om aandele te koop? (1)

6.7 Bespreek die fidusiêre pligte van direkteure breedvoerig. Sluit by jou bespreking ook die objektiewe norme in wat aan 'n direkteur gestel word. (7 × 2) (14)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


6.8 Gestel Glitter Creations Bpk word gelikwideer.

Bespreek enige VYF gevolge van die likwidasie. (5 × 2) (10)

6.9 Hierdie tipe maatskappy moet 'n ouditkomitee aanstel. Wie kan in hierdie komitee dien? (2)

6.10 Gee enige VYF pligte van 'n ouditkomitee. (5)

6.11 Bespreek enige TWEE voordele van die stigting van 'n maatskappy in plaas van 'n vennootskap. (2 × 2) (4)

**[50]**

**VRAAG 7**

7.1

| Thuli het in 2007 'n beslote korporasie gevestig. Dit gaan goed met haar onderneming, maar sy oorweeg dit om die onderneming in 'n private maatskappy om te skakel. |
|---|

7.1.1 Thuli het 'n samewerkingsooreenkoms opgestel om die huishoudelike/interne sake van die onderneming te reël.

Bespreek die funksies van sodanige ooreenkoms. (3 × 4) (12)

7.1.2 Noem VYF maniere waarop die lidmaatskap van 'n lid beëindig kan word. (5)

7.1.3 Hoewel die algemene reël behels dat alle lede aan die bestuur kan deelneem, kan sekere lede slegs met die toestemming van die hof deelneem.

Noem enige DRIE sodanige lede. (3)

7.1.4 Kan hierdie beslote korporasie in 'n private maatskappy omgeskakel word? (1)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


7.2




**WEET JY WAT DIE TOEKOMS INHOU?**

7.2.1 Wanneer kan 'n krediteur aansoek doen dat jy gesekwestreer word? (2 × 1) (2)

7.2.2 Watter DRIE dinge moet die krediteur bewys voordat jou boedel as debiteur onder voorlopige sekwestrasie geplaas sal word? (3 × 2) (6)

7.2.3 Wat word met vrywillige sekwestrasie bedoel? (3 × 2) (6)

7.2.4 Noem enige VYF pligte van die insolvent. (5)

7.2.5 Die insolvente debiteur kan een of meer krediteure nader en aanbied om hulle oor 'n tydperk terug te betaal.

(a) Hoe staan dit bekend? (2)
(b) Bespreek die uitwerking van hierdie tipe ooreenkoms. (4 × 2) (8)

**[50]**

**VRAAG 8**

Agente word aangestel om op te tree namens iemand anders, wat as die prinsipaal bekend staan. Verskillende soorte agente kan aangestel word, insluitend 'n eiendomsagent, 'n faktoor, 'n afslaer en 'n del credere-agent.

8.1 Bespreek kortliks die VYF maniere waarop verteenwoordiging bewerkstellig kan word deur die manier te noem en 'n voorbeeld van elk te gee. (5 × 3) (15)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


8.2 Gee die VIER pligte van ’n verteenwoordiger of agent. (4)

8.3 Bespreek ’n faktoor. (4 × 2) (8)

8.4 Noem VIER pligte van die prinsipaal. (4)

8.5 ’n Afslaer het die reg om die koopprys van die goedere wat by ’n veiling verkoop word, te behou totdat die kommissie betaal is.

8.5.1 Definieer hierdie soort retensiereg. (3)

8.5.2 Bespreek die twee vereistes wat nagekom moet word om ’n geldige retensiereg tot stand te bring. (2 × 4) (8)

8.6 Gestel ’n eiendomsagent verkoop eiendom aan die koper. Laasgenoemde het ’n verband uitgeneem om hierdie transaksie te finansier.

Bespreek enige VIER regte van die verbandnemer (die krediteur). (4 × 2) (8)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou